

Kategeet werkblad: 5 Junie 2011

Teksgedeelte:

Matt. 5:27-32

Agtergrond:

Die Gees het van ons vredemakers gemaak. Dit beteken dat ons respek het vir die Here, omdat Hy ons gekies het om sy liggaam te wees. Almal kan sien ons het respek vir die Here omdat ons respek het vir mekaar in elke plek waar ons leef (bv. Gesin, werk, skool, stokperdjies, sport). Ons respek vir God maak dat ons nie mekaar bespot in die openbaar nie. Ons praat eerder goed van mekaar sodat almal kan sien dat ons mekaar eer. Ons het respek vir mekaar se naam.

Verwagte uitkoms:

Die huisgesin is vir ons 'n plek van veiligheid, 'n plek waar ons tot rus kan kom, 'n plek waar ons liefde en genade moet ervaar. Ons behandel mekaar daarom met respek binne die huisgesin, ons maak moeite met mekaar, ons wys God se liefde en genade vir mekaar.

Aksie:

Gesels met die groep oor verskillende tradisies wat in hulle gesin of familie is. Jy kan dalk die volgende gedeelte aan die klas voorlees:

Tradisies is baie belangrik in ons lewens. Ons gebruik tradisies om te wys dat ons bly is en soms gebruik ons tradisies om te wys dat ons hartseer is. Ons is almal baie bly wanneer daar 'n troue gehou word of wanneer ons familie bymekaarkom vir Kersfees. Ons is hartseer wanneer iemand doodgegaan het en ons moet hom of haar begrawe. Hierdie tradisies is almal baie belangrik want dit help ons om sin te maak van ons wêreld. In gesinne het ons ook tradisies, dalk is dit om 'n roomys of melkskommel te gaan eet of drink aan die einde van 'n kwartaal. Ons saam eet by die eetskamer tafel kan deel wees van ons gesin se tradisies of om as gesin saam kerk toe te gaan. Wat is jou gesin se tradisies?

Ek gaan nou 'n paar gesinstradisies vir julle lees, as jou gesin daardie tradisie het, gaan staan aan die regterkant:

{Vra die kinders om op te staan, die van hulle gesinne wat aan die volgende tradisies deel het, moet na 'n gedeelte van die klaskamer beweeg en daarna weer almal na die middel beweeg. Bv. Al die kinders wat bid voordat hulle eet, gaan staan aan die regterkant van die vertrek, daarna gaan staan hulle weer in die middel vir die volgende vraag.}

- Bid in die oggend
- Bid voor en/of na ete
- Gebede as ons iewers heen op pad is (voor skool, werk, vakansie)
- Maak tyd om met mekaar te gesels oor die dag se verrigtinge
- Ons vier spesiale prestasies (sport, goeie rapport, ens.)

- Ons hou huisvergadering
- Slaaptyd rituele (Stories, liedjies, gebed)
- Ons eet een of twee etes as gesin saam die week
- Ons gesin het 'n gunsteling TV-program wat ons saam kyk
- Ons hou van uitstappies
- Ons gaan as gesin saam met vakansie
- Verjaarsdae is belangrik in ons gesin
- Die gesin is saam vir Kersfees
- Die gesin is saam vir Paasfees
- Ons kom as gesin saam kerk toe

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Watter ander gesinstradisies of –rituele het julle? En hoe laat dit jou voël (Diamant vraag)
- Mens kry verskeie soorte gesinne, noem 'n paar.

Hart vrae:

- Hoe voel dit vir jou om deel te wees van 'n gesin?
- Wat maak jou gesin anders van ander gesinne?
- Watter van die bogenoemde tradisies sou jy graag in jou gesin wou hê?

Skoppens vrae:

- Hoekom dink jy het ons tradisies (of gesinstradisies) nodig?
- Wat leer ons oor God wanneer ons vir mekaar omgee in ons gesin?

Klawers vraag:

- Hoe wil God ons gesin gebruik?
- Watter ander tradisies kan ons in ons gesin begin om aan mekaar God se liefde en respek vir mekaar oor te dra?